# OPSOMMING VAN DIE 2026-BYWERKING VAN DIE OMVATTENDE GEÏNTEGREERDEVERVOERPLAN 2023-2028 ("CITP")

Die Stad Kaapstad se CITP 2023-2028 is in Mei 2023 goedgekeur, en die tweede jaarlikse bywerking met toevoegings en veranderinge is nou opgestel. Dit is om aan die Nasionale Landvervoerwet, 5 van 2009 (NLTA)[1] en die minimum vereistes vir die opstel van geïntegreerde vervoerplanne[2] te voldoen. Sodra dit goedgekeur is, sal hierdie dokument die tweede aanvullende verslag by die vyfjaar-CITP word.

Die 2026- jaarlikse bywerking neem nuwe inligting, die jongste denkwyse, en veranderinge in planne, projekte, programme en begrotings in ag. Dit doen verslag oor vordering en belangrike prestasies met die implementering van die CITP in die vorige jaar, en reageer op kommentaar wat die lid van die Wes-Kaapse uitvoerende raad (LUR) vir mobiliteit gemaak het toe die CITP 2024-bywerking, met ander woorde die eerste jaarlikse bywerking, goedgekeur is.

Die belangrikste veranderinge aan die CITP-hoofstukke word in die onderstaande tabel opgesom:

| NO. | HOOFSTUK | VERANDERINGE AANGEBRING |
|---|---|---|
| 1 | **Inleiding** | i. Bygewerk om te weerspieël dat dit 'n tweede bywerking en aanvullende verslag is.<br>ii. Die Stad se antwoorde op die Wes-Kaapse LUR vir mobiliteit se kommentaar (wat die goedkeuring van die CITP 2024-bywerking vergesel het) is bygevoeg. Die Stad het skriftelik op die LUR vir mobiliteit se verdere kommentaar oor die CITP 2023-2028 geantwoord en is beskikbaar om met die Wes-Kaapse regering se departement mobiliteit daaroor in gesprek te tree.<br>iii. Die Stad se belangrikste stedelikemobiliteits-prestasies sedert die CITP 2024-bywerking (d.w.s. vanaf Mei 2024 tot Mei 2026) is ingesluit. |
| 2 | **Vervoervisie en -doelwitte** | i. Die visie bly onveranderd: *"Alle mense het* ***doeltreffende toegang*** *tot 'n reeks* ***geleenthede*** *op 'n wyse wat* ***volhoubaar*** *is en* ***waardigheid*** *bied."*<br>ii. 'n Nuwe deel oor 'n strategiese diagnose van die sentrale probleem is bygevoeg, naamlik: |

[1] https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/201409/32110413.pdf
[2] https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/201411/38256rg10325gon954.pdf

| NO. | HOOFSTUK | VERANDERINGE AANGEBRING |
|---|---|---|
| | | *"Die veralgemeende koste van reis vir openbare vervoer en aktiewe mobiliteit is te hoog vir lae- en middelinkomstehuishoudings."* |
| **3** | **Vervoerregister** | Bygewerk met nuwe data en inligting oor huidige vervoerdienste en verwante demografiese gegewens. Dit sluit onder meer die jongste inligting oor verbeterings in spoorweggebruik en die algehele modale verdeling in. Tabel 3.1 verskaf meer besonderhede oor watter afdelings bygewerk is. |
| **4** | **Munisipale ruimtelike-ontwikkelings-raamwerk** | i. Verskaf bywerkings oor die belyning van ruimtelike en vervoerbeplanning en die implementering daarvan.<br>ii. Verskaf nuwe inligting oor die beplanning wat gedoen is om ekonomiese ontwikkeling in prioriteitsgebiede te ondersteun, naamlik die Kaapstad-, Bellville-, Claremont- en Wynberg-sentrale sakedistrikte, asook die Philippi-geleentheidsgebied (POA). |
| **5** | **Vervoer-behoefte-bepaling** | i. Verskaf 'n bygewerkte vervoerbehoeftebepaling in ooreenstemming met die jongste strategiese denkwyse oor passasiersvervoer- en vragvervoerbehoeftes. |
| **6** | **Openbare-vervoerplan** | Bygewerkte besonderhede word in Bylae 6 verskaf.<br>Die hoofstuk bevat 'n opsomming van die bywerkings. |
| **7** | **Vervoer-infrastruktuur-strategie** | Nuwe afdelings is bygevoeg oor die:<br>i. Rigtinggewende beleid van die vervoerinfrastruktuurstrategie; en<br>Prioritisering van projekte. |
| **8** | **Reisaanvraag-bestuurstrategie** | Verskaf nuwe inligting oor die bygewerkte konsepstrategie vir reisaanvraagbestuur (TDM), insluitend (onder andere):<br>i. Sleutelbevindinge uit die evaluering van die 2017-TDM-strategie; en<br>ii. Reisaanvraagbestuursmaatreëls wat vir Kaapstad voorgestel word, gebaseer op vyf groepe maatreëls: vrywillig; institusioneel; infrastruktuur; regulatories; en prysbepaling. |
| **9** | **Niegemotoriseerde vervoerplan** | i. Verskaf nuwe inligting oor die nuwe strategie vir stap en fietsry van 2025.<br>ii. Bygewerk om die Stad se aktiewemobiliteitsprogramme en -projekte oor die volgende vyf (5) jaar te weerspieël. |

| NO. | HOOFSTUK | VERANDERINGE AANGEBRING |
|---|---|---|
| 10 | **Vragvervoerstrategie** | i. Verskaf 'n samevattende oorsig van die bygewerkte konsepvragbestuurstrategie. |
| 11 | **Ander vervoerverwante strategieë** | i. Werk die konseppadveiligheidstrategie- en konsepverkeersmatigingsbeleidsprosesse by.<br>ii. Verskaf nuwe inligting oor die:<br>a. universeletoegangsbeleid vir toeganklike vervoer; en<br>b. openbarevervoertoepassingsplan. |
| 12 | **Implementeringsmeganismes vir ruimtelike herstrukturering ter ondersteuning van toegang** | Bygewerkte meganismes om ruimtelike herstrukturering moontlik te maak. |
| 13 | **Befondsing-strategie en opsomming van voorstelle en programme** | i. Die opsomming van voorstelle, befondsingstrategie en begroting is bygewerk.<br>ii. Die hoofstuk is ook herstruktureer om die "minimum vereistes" te weerspieël. |
| 14 | **Openbare-deelname-proses** | i. Die hoofstuk se naam is van "openbaredeelnameproses" na "belanghebbendekonsultasieproses" verander, soos vereis deur die minimum vereistes om die reikwydte daarvan te verbreed.<br>ii. Bygewerk met 'n beskrywing van die huidige en beplande openbaredeelnameproses. |
| **Bylae 2** | **Befondsingstrategie** | Hersien om die jongste begrotingsinligting te weerspieël. |
| **Bylae 4** | **LUR-goedkeurings-brief en memorandum van steun** | Die goedkeuringsbrief vir die CITP 2024-bywerking is bygevoeg. |
| **Bylae 6** | **Openbare-vervoerplan** | **Dit is die grootste toevoeging tot die CITP:**<br>i. Verskaf bywerkings aan die openbarevervoerplan, insluitend bywerkings gebaseer op die bygewerkte geïntegreerdeopenbarevervoernetwerkplan (IPTN-plan) 2040 (netwerk- en implementeringsplanne) wat onlangs deur die Raad goedgekeur is.<br>ii. Verskaf bywerkings van al ses voorgeskrewe dele van die openbarevervoerplan (volgens |

| NO. | HOOFSTUK | VERANDERINGE AANGEBRING |
|---|---|---|
| | | die minimum vereistes):<br>a. Beleide en strategieë;<br>b. Insette vir die pendelaarspoorplan, soos die diensvlakplan (SLP), die sakeplan vir die Kaapstad-spoorweguitvoerbaarheidstudie (CTRFS), en PRASA se planne;<br>c. Algehele netwerkontwerp en die pendelaarspoorplan, wat uittreksels uit die bygewerkte IPTN-plan 2040 is;<br>d. Gekontrakteerdediensteplan;<br>e. Niegekontrakteerdediensteplan; en<br>f. Bedryfslisensieplan. |